

Profetiese woord vir 2016 – Deel 1

Inleiding: Wat is profesie se bedoeling?

Wat ek hier vir jou bring is ek van oortuig is 'n woord van die lewende God. Dit is dieselfde God wat in 2013 vir my gesê het om vir Sy mense aan te sê om gereed te maak vir 'n val in die wêreld se geldmarkte. Dit is ook dieselfde God wat in 2014 gesê het Sy hart is om die land, veral SA, te seën. Dit is dieselfde God wat verlede jaar ons uitgestuur om daar waar Hy ons heen stuur, te gaan sê dat die herlewing wat Hy al vir bykans 150 jaar belowe het, hier is. Daarom moet ons God se Gees profeties begin roep om daardie herlewing ook hier by ons te kom bewerk.

Soos ek sê, ek is oortuig dat wat ek toe moes bedien, profetiese woorde van God was. So glo ek dat dit wat ek hier gaan bedien aan jou 'n profetiese woord van dieselfde God is.

Natuurlik moet jy soos elke ander keer, in die lig van 1 Tess 5:19 e.v., vir jouself aan Sy voete gaan seker maak of dit werklik van Hom af kom.

Voordat ek die woord aan jou bedien, wil ek jou herinner aan wat profesie se bedoeling is. Profesie, volgens 1 Kor. 14:3, is bedoel om te bemoedig, te versterk en te vertroos. Dit is bedoel om ons te bemoedig in tye wat ons bemoediging nodig het en moet weet dat dit wat ons tans rondom ons sien met ons gewone oë, nie die einde en die laaste woord is nie. Omdat God geweet het wat gaan gebeur en hoe stresvol dit gaan wees en hoe dit ons gaan laat wonder wat gaan aan, hoekom gaan dinge so sleg, gee Hy wat die toekoms ken, wat weet wat in Sy hart is om te laat gebeur en wat Hy wil gee, deur profesie vir ons so 'n kykie in die toekoms om ons te bemoedig en te laat vasbyt in die swaar tye.

Die profetiese woord is ook bedoel om ons te versterk, in die sin van vir ons rigting en visie te gee van wat in God se hart is. Dit is mos versterking om in tye wat dinge werklik sleg gaan met jou en wat jy worstel met al hierdie uitdagings waarvoor jy nie antwoorde het nie, om dan 'n woord van die lewende God te kry wat vir jou laat besef, God weet van my en Hy weet presies waarheen Hy met my op pad is. Hy het boonop 'n plan en oplossings wat al hierdie uitdagings gaan aanspreek en Hy het 'n plan vir my lewe in die groter prentjie.

Watter troos is dit nie midde die swaar van die realiteite waarin ek en jy in die hier en nou is nie! Dit is dus asof God met so 'n profetiese woord self langs ons kom staan en sê: Ek weet waardeur jy gaan en Ek is hier! Ek is besig daar waar jy nog nie kan sien nie. Moenie huil nie, moenie moedeloos word nie, moenie vaskyk net teen wat jou gewone oë kan sien nie. Vertrou My! Glo in My! Ek is die God wat die onmoontlike kan doen! Daarom, laat My toe om jou trane af te vee.

Daarom sê 1 Tess. 5:19 e.v.: Moenie profesie minag nie. Jou koppie is te klein en te plat om te bedink wat die grootte God kan doen. Gaan sit eerder by Sy voete en laat Hy jou oortuig of dit Hy is wat hier praat en laat Hy jou help om jou hart oop te maak sodat hierdie woord jou kan bemoedig, versterk en vertroos.

Omdat profesie gewoonlik ook 'n woord oor môre is, is dit vir my en jou nodig om weer en weer te gaan kyk en te lees wat God gister en eergister in profesie vir ons gesê het, sodat ons hier in ons hart heeltyd 'n verwagting in geloof kan kweek en aanblaas omdat ons weet, God het gesê Hy gaan dit doen, daarom gaan dit beslis gebeur. Miskien is God se tyd vir die vervulling en waar-word van daardie woord NOU.

Oor 1 Kor. 15:24 e.v. en 2 Kron. 7:14,15

Hier is wat ek hoor God sê vir 2016 en verder.

Moenie julle blindstaar teen wat rondom julle in die politiek en die ekonomie aangaan nie. Onthou waarmee Ek besig is. Gaan lees weer 1 Kor. 15:24 e.v. om te verstaan waarmee Ek besig is.

Rondom julle is 'n oorlog aan die gang. Daar is magte aan die werk wat alles wil beheer, wat alles in hulle hande wil hê. Hulle gun niemand anders iets nie. Daarvoor sal hulle lieg en bedrieg, steel, manipuleer, doodmaak.

Moenie julle blindstaar teen mense nie. Besef julle worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die onsigbare magte in die lug.

Mense kan verander. Ek kan mense tot inkeer bring. Ek kan gemeenskappe omdraai, omdop en genees.

Ek belowe dit mos aan julle. Dink aan wat Ek daar in 2 Kron. 7:14 en 15 vir julle gesê het: "As my volk oor wie my Naam uitgeroep is, berou toon en bid en vra na my wil en terug draai van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

Ek sal hierdie plek nou onder my sorg neem en ontvanklik wees vir elke gebed hiervandaan."

Oor Joh. 14:12-14

Besef julle wat Ek deur en in julle lewens werklik kan doen as julle My toelaat? Het Ek nie self aan julle belowe wat daar in Joh. 14:12-14 staan nie?

Daar sê Ek vir julle: "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan.

Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."

Het Ek nie vir julle gesê watter krag daar in gelowige gebed is nie? Hoor weer wat Ek vir julle daar in Jakobus 5 sê: "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie. Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelever."

Dit is waarom julle tot My moet bid en My moet vertrou om die mense wat julle regeer aan te raak en te verander. Dit is waarom julle moet bly bid vir die redding van alle mense, want My begeerte is dat niemand verlore sal gaan nie. Dit waarom julle by My voete gedurig moet sit om te hoor wat in My hart is om te doen.

My hart vir nou is om in My heerlijkheid tussen mense sigbaar te word sodat hulle kan weet en ervaar Ek is daar. Ek wil julle gebruik om hulle aan te raak en te bedien met My liefde, met My krag, met My teenwoordigheid.

Ek wil julle gebruik om in My Naam die nood en ellende rondom julle aan te spreek en te bedien.

'n Seisoen van Meer As Genoeg

Vir jare het Ek julle geleer wat dit beteken om My te vertrou vir alles wat julle nodig het, maar ook dat daar 'n orde daarin is. Waar julle My Koninkryk soek en die groter prentjie waarmee Ek besig is, raaksien en in berekening bring en ook daar by My voete geleer het waar elkeen van julle inpas in die groter prentjie en bereid is om dit te doen in gehoorsaamheid, daar sal en het Ek in alles voorsien wat julle nodig het.

Daardie seisoen is nou verby. Nou wil Ek hê julle moet My vir meer as dit vertrou. Ek wil hê julle moet My vir oorfloed vertrou. 2 Kor. 9:8 en Fil. 4:19 moet nou julle verwagting word, want julle kan nie ander se praktiese behoeftes bedien as julle nie self genoeg het om ook aan hulle te gee nie.

Daarom is dit so belangrik dat julle sal weet wat vir julle genoeg is, want as julle nie weet wat en hoeveel vir julle genoeg is nie, sal julle nie weet watter deel van wat Ek aan julle gee om julle mee te seën, nie vir julle bedoel is nie, maar bedoel is om deur julle te vloei na ander in diens van My Koninkryk wat moet kom.

Profetiese woord vir 2016 – Deel 2

Ek is 'n goeie en liefdevolle God

Julle moet weer by My voete kom sit sodat My hart julle hart kan word. Julle moet weer self daar kom ervaar dat Ek 'n goeie en 'n liefdevolle God is. My liefde moet julle so oorrumpel en vol maak, dat as mense aan julle druk, dit sommer sal uitstroom uit julle uit. Dit moet vir julle so maklik word omdat julle My vertrou en My hartklop leer ken het, dat julle met soveel vrymoedigheid daar waarheen Ek julle gestuur het en nog gaan stuur, onder daardie mense kan instap en hulle begin bedien met presies dit wat hulle nodig het. Sodat hulle My liefde daar kan beleef.

Hoe anders gaan mense ontdek dat Ek God is en dat Ek hulle in die detail van hulle lewe en bestaan lief hét?

Daarom, kom sit by My voete dat Ek vir julle kan wys en julle kan oortuig van wat Ek onder julle en deur julle in gemeenskappe gaan doen. Niks gaan My stuit nie. Ek weet wat Ek wil doen en hoe Ek mense wil seën. Ek weet wat Ek in jou lewe wil doen en hoe Ek jou en jou geliefdes wil seën.

Laat My toe om jou daarvan te oortuig. Kom sit by My. Word stil hier by My voete, sodat Ek jou weer kan oortuig: Ek is die Here. Ek is in beheer.

Kom sit by My sodat Ek jou kan oortuig van wat dit wat Paulus bely daar in Rom. 8, wat hy by My voete moes kom leer. Dít naamlik: “God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?

Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry.

Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?

Daar staan immers geskrywe: ‘Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.’

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.

Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.”

Stukkies Hemel moet hier op aarde gebeur

Kom sit by My voete sodat Ek in julle 'n nuwe passie kan bewerk vir My koninkryk wat hier op aarde moet kom en gebeur, soos dit reeds in die hemele 'n werklikheid is.

Kom sit by My voete sodat Ek julle kan netwerk met ander mense en ander dele van My Liggaam wat hierdie selfde passie en visie het, sodat julle kan hande vat en saam kan doen wat Ek julle beveel het om te doen.

My Liggaam is een.

Die vyand het dit reggekry om My Liggaam so te belieg, te bedrieg en te mislei dat hulle mekaar behandel soos vyande en elkeen is besig om in sy of haar hoekie te doen soos hulle dit goed dink.

Ek wil julle oortuig hoe nodig julle mekaar het. Die een kan nie sonder die ander werklik doen wat Ek in My hart het nie.

Daar aan My voete gaan Ek julle leer om anders na mense te kyk en nie vas te kyk teen velkleur, of hoe vuil en verflenter hulle is, of hoe deftig hulle aangetrek is of waarmee hulle ry nie. Ek gaan julle help om hulle hart raak te sien en hulle nood.

Dan kan Ek julle stuur om daardie mense te gaan bedien in My Naam.

Joh. 15

Ek wil julle leer hoe om My heerlijkheid oral op aarde te vertoon met integriteit en egtheid, terwyl My bonatuurlike krag en gawes deur julle vloei en hulle bedien. Laat My toe om julle te oortuig dat Ek in My liefde deur julle wil vloei. Gaan dan en laat dit gebeur sodat julle kan beleef watter verskil Ek deur julle in hierdie wêreld daar op die platform wat Ek aan jou gegee het, kan maak.

Wat Ek julle opdrag gee om te doen, doen dit in reinheid, heiligheid, met passie en in opregtheid. Niks hiervan kom uit julleself nie.

Onthou wat Ek vir julle gesê het daar in Joh. 15: "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.

As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.

My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.

Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly.

As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly."

Dan is enige ding moontlik.

Die boodskap van Gen. 26

Blaai na Gen. 26 en leer uit wat Ek daar vir Isak geleer het. Midde droogte en uitdagende ekonomiese swaar tye, kan Ek My mense seën. Luister net hoe en waar Ek jou wil seën.

Hoor hoe Ek vir hom sê: "Moenie trek nie. Bly waar Ek jou sê: in hierdie land. Bly 'n tyd lank hier, en Ek sal by jou wees en jou voorspoedig maak. Ek gee hierdie hele wêreld aan jou en jou nageslag. Ek sal die belofte nakom wat Ek met 'n eed afgelê het.

Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Ek sal hierdie hele wêreld aan jou nageslag gee, en al die nasies van die aarde sal in jou nageslag geseën wees, want hy het na My geluister en hy was gehoorsaam aan my bevel: my gebooie, my voorskrifte en my wette."

Het jy raak gelees hoe Isak in daardie gebied gesaai het en daardie jaar het die saad honderdvoudig opgeskiet, want Ek het hom voorspoedig gemaak, en hy het 'n ryk man geword, hy het vooruitgegaan sodat hy later baie ryk was.

Soms het Ek vir Isak gesê dit is tyd om hiervandaan 'n entjie vêrder weg te beweeg, want dáár is kanale waardeur Ek jou wil seën. Ek het hom gelei na waar ou toegegooide putte was, wat hy weer moes oopgrawe en dan het Ek hom daar geseën. Soms het Ek hom nuwe putte laat grawe.

Die belangrikste van alles was dat hy moes leer om nie bang te wees nie, want Ek was by hom.

Daarom, kom sit by My voete dat Ek jou kan oortuig Ek wil jou ook seën. Jer. 29:11-14 is My belofte ook aan jou in hierdie tyd. Maak tyd en word stil genoeg dat My teenwoordigheid in en by jou vir jou so 'n werklikheid sal wees, dat dit al jou vrees sal laat verdwyn.

Profetiese woord vir 2016 – Deel 3

Oor 2 Kon. 6:5-17

Wat sien jy? Waarna luister jy?

Sien en hoor jy net die negatiewe, slegte nuus? Luister jy net na die nuus oor swak ekonomiese toestande, oor El Niño, oor korrupsie in die regering, oor daardie man of vrou of kind van jou wat vasgevang sit in verslawing, of jou hope skuld, of swak oes, of die droogte, of jou sukkelende besigheid?

Besef jy dan nie dat dit net die een kant van die werklikheid is nie?

Daar is ook 'n anderkant, onsigbaar vir gewone oë, ore en denke.

Ek gaan julle genadig wees en deur die profetiese gawe julle aanraak en bedien. Ek gaan julle genadig wees en openbaringe aan julle gee sodat julle ook die ander kant kan sien, kan hoor en begryp. Julle gaan selfs vir die eerste keer miskien, My teenwoordigheid en My liefde voel en ervaar.

Ek stel profete aan om vir julle te kom sê wat Joël destyds in My Naam vir My Ou Testamentiese volk kom sê het daar in Joël 2.

Ja, oral rondom julle sien julle die sprinkane wat gekom het om verwoesting te saai. Sien julle dood, droogte, armoede, geweld, markte wat val.

Ek stuur nou die profete om te kom sê: Joël 2:12 e.v.

Dit is nie te laat nie. God het 'n persoonlike boodskap aan julle gestuur.

Kom terug na My toe en bedoel dit! Verander! Bekeer julle!

Ek is liefdevol en genadig. Ek is so geduldig. Ek is gereed om die oordeel en die rampe te keer en af te weer en om julle weer te seën.

Dis Oestyd!

Ja, jy lewe in 'n stukkende wêreld vol stukkende mense. Daarbuite is dit uitdagende tye in die ekonomie. Jy, My kind, kan midde dit alles hê waarvoor jy My vertrou op grond van My beloftes aan jou.

Ek het mos vir jou gesê: Vertrou My vir die grootste herlewing nog ooit. Ek het vir jou mos gesê: Die herlewing wat Ek vir soveel jare belowe het, is hier!

Dit is oestyd! Kyk, die oes staan ryp op die lande.

Bid 2 Tess. 3:1: "Verder, broers, bid vir ons, sodat die woord van die Here vinnig mag versprei en oral in ere gehou mag word soos by julle."

Vertrou My om met wonders en tekens te bevestig dat Ek lewe en mense lief hét.

Moenie vasgevang en geïmmobiliseer word deur die vrees en angs-praatjies van almal rondom jou nie. Onthou die woord in Gen. 26. Ek is jou Hoop. Ek verseker jou dit is Oestyd! Vertrou My! Hou jou oog op My!

Dit is 'n nuwe jaar dié! Verwag dus veranderinge! Maak gereed vir veranderinge.

Hou jou oog op die insameling van die oes!

Verwag tye soos daar in Handeling. Maak God se mense gereed vir tye van herlewing wat mense en gemeenskappe gaan verander.

Ek is die Opstanding en die Lewe. Ek is die Lam wat gekom het om die sonde van die wêreld weg te neem.

Verwag herlewing.

Verwag ook teëstand en aanvalle wat vir jou daar wag op die platforms wat Ek jou gee en waarheen Ek jou soms stuur.

Maak mense gereed vir herlewing

Daarom stuur Ek My profete om My mense in spesifieke gemeenskappe gereed te maak vir herlewing wat alles in hulle en om hulle gaan verander.

Om vir julle op te roep om te bid en te vas. Om om te draai, op te hou, julle te bekeer.

Begin julle sonde bely. Soek My vergiffenis.

Roep selfs 'n openbare byeenkoms uit! Maak seker dat almal daar is: klein en groot.

Laat hulle saam uitroep na My, want Ek wil julle weer genadig wees!

Ek is hier om te kom sê: Ek het julle reeds begin antwoord en julle begin seën.

Die vas is verby en die oes is reeds hier. Oorvloed is hier.

Ek is besig om groot dinge vir julle te doen.

Dit wat julle reeds daarvan sien, is maar net die begin daarvan.

Joël 2:28-32 is nog op pad.

Redding is hier! Herlewing is hier!

Dit is Jubilee-jaar

Onthou, dit is Jubilee-jaar vanjaar. Dit is 'n tyd van seën midde van die moeilikste tye ooit.

Vertrou op My Opstandingskrag midde juis dié tyd.

Moenie dat iemand anders se seisoen jou beroof van die seisoen wat Ek aan jou beloof het nie. Moenie toelaat dat iemand wie se seisoen anders is as joune, jou veroordeel of skuldig laat voel oor waarvoor jy My vertrou in hierdie seisoen in jou lewe nie.

Kom, sit by My en laat Ek jou opnuut toerus en self met My Opstandingskrag. Kom sit in My teenwoordigheid, dat die glans van My heerlijkheid aan jou sal kleef vir almal om te sien.

Soos gedurende die veertig jaar in die dorre woesteny, het julle, soos My volk Israel van destyds, die afgelope jare geleer hoe totaal afhanklik julle van My is vir net genoeg kos en klere vir elke dag.

Daarom het julle Meer as Net-Genoeg nodig

Soos Paulus moes julle leer deur sommige dae van genoeg of te veel en ander dae van tekort, dat Ek julle enigste ware Bron en Voorsiener is. Ek het julle geleer dat daar waar My groter plan om My Koninkryk ook hier op aarde te laat kom, werklik prioriteit in julle lewe is en jy jou plekkie in die groter legkaart gehoorsaam vervul, kan julle My met gerustheid vertrou om in alles wat julle nodig het, te voorsien (Mat. 6:33).

Nou is julle in 'n nuwe seisoen waarin julle My nie net meer moet vertrou vir net genoeg en vir dit wat julle nodig het nie. In hierdie seisoen wil Ek hê julle moet My vertrou vir meer as genoeg, vir oorvloed sodat julle uit daardie oorvloed oorvloedig het om te saai in die lewe van ander.

Ek wil elkeen van julle gebruik in 2 Kor. 9:5-15 se bediening van gee sodat My Koninkryk kan kom en sodat mense bewus kan word van hoe lief Ek elkeen van hulle het en My kan verheerlik as gevolg daarvan.

In die tyd van net-genoen het julle deur die dissipline van tye van tekort en tye van oorvloed geleer hoe totaal afhanklik julle van My is vir alles in julle lewe.

Ek vertrou dat julle in hierdie tyd wat verby is geleer het hoeveel is werklik genoeg en met hoe min julle eintlik werklik kan klaarkom.

Daarom kan julle in die tye van meer as genoeg weet watter deel van My seën bedoel is vir jou en jou geliefdes en dat die res bedoel is vir julle bediening van gee vir die Koninkryk en vir ander wat nood en behoefte het rondom julle.

Julle is My hande en My voete wat My liefde en genade en genesing en verlossing moet bedien aan ander.

Omdat My liefde julle harte en lewens verander het, kan julle nou kanale wees van hierdie liefde na ander toe.

Vir elkeen van julle het Ek 'n platform en outoriteit gegee om 'n kanaal te wees van My genade en seën tussen daardie mense. Deur wat julle daar doen en wat julle daar bedien aan daardie mense, is julle My brief en getuienis van My liefde vir en teenoor daardie mense.

Gaan bedien My Koninkryk aan mense.

Soos Ek gesê het, dit is Jubilee-jaar. Herlewing is hier. Dit is nou My genade-jaar!